# DIE TEOLOGIESE EN MORELE REGVERDIGING VAN APARTHEID EN 'N *STATUS CONFESSIONIS*

## 'N VERGELYKING TUSSEN DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE EN DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE SE HANTERING VAN DIE SAAK

P.J. Strauss[1]

## ABSTRACT

## THE THEOLOGICAL AND MORAL JUSTIFICATION OF APARTHEID AND A *STATUS CONFESSIONIS*

### A COMPARISON BETWEEN THE WAY IN WHICH THE WORLD ALLIANCE OF REFORMED CHURCHES AND THE REFORMED ECUMENICAL SYNOD APPROACHED THIS MATTER

Both the World Alliance of Reformed Churches (WARC) and the — then — Reformed Ecumenical Synod (RES) eventually declared a *status confessionis* against the theological and moral justification of apartheid. In this process the Afrikaans Reformed Churches came under serious fire. The questions arising from this are: When is a *status confessionis* a relevant option for the church? How did both the WARC and the RES handle the matter and were there any differences in their approach due to their differences as ecumenical bodies?

The conclusion is that the WARC followed certain anti-apartheid elements in the younger Dutch Reformed Churches uncritically while the RES took a more independent stand. A further problem was that the WARC did not qualify the apartheid it was speaking out against. That complicated dialogue with the Dutch Reformed Church. Both organizations, however, showed clear indications of an awareness that they tried to consider the basic conditions for a *status confessionis*.

1 Prof. P.J. Strauss, Hoof: Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300. E-pos: straussp.hum@mail.uovs.ac.za

## OPSOMMING

Beide die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) en die — op daardie stadium — Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) het eventueel verklaar dat die teologiese en morele regverdiging van apartheid 'n *status confessionis* daarstel. Veral die Afrikaanse gereformeerde kerke sou in dié verband onder skoot kom. Die vrae wat hierdie stuk vra is: Wanneer bereik die kerk die punt waar hy 'n *status confessionis* verklaar? Hoe het die WBGK en die GES hierdie saak hanteer en was daar verskille in hulle benadering wat na verskille in hulle karakter as ekumeniese liggame teruggevoer kan word?

Die gevolgtrekking is dat die WBGK sekere anti-apartheidstemme in die jonger NG Kerke onkrities nagevolg het, terwyl die GES 'n meer selfstandige houding geopenbaar het. Die WBGK het ook nie apartheid gedefinieer nie, wat sake vir verdere gesprek met die NGK bemoeilik het. Beide vertoon egter tekens dat hulle ernstig probeer het om aan die vereistes vir 'n *status confessionis* te voldoen.

## 1. PROBLEEMSTELLING

Tradisioneel bestaan daar duidelike verskille tussen die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) en die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER).[2] Eersgenoemde is ouer[3] én groter as laasgenoemde, sluit kerke vanuit die presbiteriaanse en kongregasionalitiese tradisies[4] in, is vryer of losser in sy omgang met die gereformeerde belydenisskrifte[5] en meer geneig tot 'n aktivistiese betrokkenheid by samelewingskwessies. Die meerderheid van sy lede is ook lid van die veelal sinkre-

2 Daar is tekens dat hierdie twee ekumeniese liggame sedert die 1990's nader aan mekaar wil beweeg (REC 1992:195-196).

3 Die WBGK ontstaan as die Presbiteriaanse Wêreldalliansie in 1875 (Meiring 1991:76). Die GER word in 1946 as die Gereformeerde Ekumeniese Sinode op die been gebring (REC 1996:1).

4 Dit was by die opneem van die kongregasionalistiese kerke (die International Congregational Coucil) in sy midde in 1970 dat die Alliansie sy naam na die WBGK verander het (Rossouw 1989:101).

5 Vgl. die grondwet van die WBGK artikel 2 waarin dit gestel word dat lidkerke se posisie ten opsigte van geloof en evangelisasie "in general agreement" met die historiese gereformeerde belydenisskrifte moet wees en dat hierdie tradisie beslis nie eng en eksklusief is nie (verbatim by Rossouw 1989:103-104). Daarteenoor wil die GER bly by die gereformeerde geloof soos uitgedruk ("articulated") in die *Confessio Gallicana, Belgica, Heidelbergse Kategismus, Leerreëls van Dordt, Tweede Helvetiese Konfessie, Thirty-nine Articles en Westminster Belydenis* (REC 1988:48, 51).

tistiese Wêreldraad van Kerke (WRK).[6] Die GER stam uit die Nederlandse gereformeerde tradisie met sy klem op konfessionele eenheid en die onderskrywing van sekere gereformeerde belydenisskrifte.[7] Dit het 'n soberder benadering tot samelewingskwessies en 'n lang geskiedenis van weerstand by baie van sy lidkerke teen die WRK.[8]

Sedert die dekade sestig van die vorige eeu is die WBGK (tot 1970 die Presbiteriaanse Wêreldalliansie of PWA) en die GER (tot 1988 die Gereformeerde Ekumeniese Sinode of GES[9]) die enigste twee internasionale ekumeniese instansies waarby die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) betrokke is. Twee sake het grootliks die NGK se buitelandse ekumene die afgelope veertig jaar of meer bepaal: sy voorkeur vir verhoudinge met gereformeerde kerke en sy houding teenoor apartheid.[10]

Dit was juis sy voorkeur vir gereformeerde ekumene wat daartoe gelei het dat die eerste Algemene Sinode van die NGK in 1962 besluit het om by die GES in te skakel[11] en die tweede in 1966 by die PWA.[12] Die NGK se steun aan apartheid sou egter by beide hierdie instansies op die agenda kom vóór die toetrede van die Algemene Sinode tot hulle geledere: by die GES in 1953 en by die PWA in 1964.[13] By altwee sou hulle afkeur aan apartheid én die NGK se teologiese en morele steun daaraan boonop mettertyd uitloop op 'n verklaring dat hierdie houding van die NGK 'n *status confessionis* daarstel, dit wil sê dat die dwaling met apartheid so ernstig is, dat kerklike weer-

6 Rossouw (1989:101).

7 Vgl. REC (1992:171) vir die destydse algemene sekretaris van die WBGK, Milan Opocensky, se poging in 'n groeteboodskap voor die GER om hierdie verskille onder woorde te bring. Volgens hom beskou sommige in die WBGK die GER as "confessionalistic, narrow-minded and inclined towards an outdated doctrinal position". Daarteenoor kan hy hom dit goed voorstel dat sommige in die GER die WBGK beskou as te breed en vaag "without a clear confessional basis, too political and activistic".

8 Rossouw (1989:95).

9 REC (1988:246-247).

10 Vgl. Strauss (2002a:184vv.).

11 NGK (1962:246).

12 NGK (1966:526).

13 Strauss (2002a:187, 189).

stand daarteen op die vlak van belydenis lê.[14] Dit gebeur in 1982 by die WBGK en in 1984 by die GES.[15]

Dit is teen hierdie agtergrond dat hierdie stuk wil ingaan op die volgende twee vrae: hoe het die WBGK en die GES die saak van 'n *status confessionis* hanteer én het hulle verskil in karakter ook tot 'n verskil in hulle aanpak van die saak gelei?

## 2. OTTAWA 1982: DIE WBGK KONDIG 'N *STATUS C0NFESSI0NIS* AF

### 2.1 Die aanloop tot Ottawa in lidkerke

Die Algemene Vergadering van die WBGK in 1982 by Ottawa se radikale verwerping van apartheid en sy aksiestappe teen twee lede, die NGK en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), sou die kulminasiepunt word van wat as die internasionale "jaar van die kerk" teen apartheid bekend staan.[16] Vir iemand wat die aanloop tot Ottawa 1982 waargeneem het, was hierdie uitkoms egter nie heeltemal onverwags nie.

Die negentiende Algemene Vergadering van die PWA in 1964 in Frankfurt am Main, het apartheid reeds by implikasie veroordeel. By die twintigste vergadering, in 1970 in Nairobi, was daar selfs pogings van "nie-Afrikaanse kerke" uit Suid-Afrika om die NGK oor apartheid uit hierdie liggaam geskors te kry. Die tussenkoms van die Uitvoerende Komitee en 'n besluit om sake later in Suid-Afrika deur te praat, het dit egter verhoed.[17]

14 D.J. Smit, in sy verdediging van 'n *status confessionis* en die daaropvolgende Belydenis van Belhar teen apartheid, stel dit so:

> Streng gesproke beteken die uitdrukking *status confessionis* dat 'n Christen, 'n groep Christene, 'n kerk of groep kerke oordeel dat 'n situasie ontstaan het, 'n oomblik van waarheid aangebreek het, waarin niks minder nie as die evangelie self, hul mees basiese belydenis aangaande die Christelike evangelie, op die spel staan, sodat hulle verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel (1984:22).

15 Strauss (2002a:211, 219).

16 Strauss (2002b:388).

17 Strauss (2002a:189).

Hierna sou die weerstand teen die NGK se steun aan apartheid vanuit lidkerke van die WBGK in Suid-Afrika — dit sou hoofsaaklik uit die NGK-familie kom[18] — toeneem. Vir sommige sou dit 'n belydenisbeweging word wat in die stryd van die sogenaamde *Bekennende Kirche* in Duitsland in die 1930's teen Hitler en die Nazisme[19] sy voorbeeld en inspirasie sou vind.[20] Die gebruik van begrippe soos dat apartheid onversoenbaar met die Evangelie en 'n pseudo-religieuse ideologie is en dat die morele en teologiese regverdiging daarvan op kettery neerkom, sou die klimaat vir so 'n belydenisbeweging bevorder.

Die eerste spore hiervan kom reeds in 1965 by die direkteur van die destydse Christelike Instituut, Beyers Naudé, voor. Naudé wat die bediening in die NGK in 1963 verlaat,[21] kom op 15 Julie met 'n oproep in die lyfblad van sy organisasie: "Die tyd vir 'n belydende kerk is daar". Vir hom is daar op hierde stadium reeds duidelike parallelle tussen die situasie in Duitsland onder die Nazis en in Suid-Afrika onder apartheid.[22]

In 1976 promoveer 'n predikant van die NG Sendingkerk (NGSK) in Kampen Nederland met 'n proefskrif getiteld *Farewell to Innocence*. Die nuwe doktor in die Teologie is Allan Boesak en sy proefskrif adem die gees van 'n swart bevrydingsteologie waarin hy swart assosieer met 'n bepaalde kader van onderdrukwees.[23] Boesak is op hierdie stadium reeds 'n gewilde anti-apartheidspreker in dele van gereformeerde Nederland. Spoedig brei die aanvraag na hom in hierdie verband ook uit na ver buite Nederland. Met sy terugkeer na Suid-Afrika verwerf hy gou 'n invloedryke posisie in die NGSK, 'n jonger, "aparte" kerk wat uit die bediening van die NGK voortgekom het. Boesak word ook deel van 'n radikale interkerklike drukgroep, die

18 Hierdie familie in Suid-Afrika het destyds bestaan uit die NGK en sy drie jonger kerke naamlik die NG Sendingkerk (NGSK) vanuit 1881, die NGK in Afrika (NGKA) uit 1910 en die Reformed Church in Africa (RCA) uit 1968.

19 De Jong (1987:336-337).

20 De Gruchy (1983:75).

21 Vgl. Naudé (1964).

22 *Pro Veritate*, 15 Julie 1965:1vv.

23 Vgl. die Nederlandse vertaling van Lieke Frese "Afscheid van de onschuld", 1977.

NG Broederkring, wat later die Belydende Kring[24] word. In hierdie naam kom die strewe na 'n belydenisbeweging teen apartheid direk na vore. Wat hierdie kring se weerstand teen apartheid vanuit 'n amptelike kerklike oogpunt versterk, is die standpunt van die Sinode van die NGSK in 1978 dat apartheid nie met die Evangelie van Jesus Christus versoen kan word nie.[25]

In 1981 is Boesak ook 'n sentrale figuur by die totstandkoming van ABRECSA, die *Alliance of Black Reformed Christians in Southern Africa*.[26] Die benaming "Alliance" herinner onmiddellik en onwillekeurig aan die Engelse naam van die WBGK naamlik die *World Alliance of Reformed Churches*. In sy openingsrede by die eerste konferensie van ABRECSA in Oktober 1981 by Hammanskraal, bepleit Boesak 'n swart herontdekking van basiese gereformeerde oortuigings in die Suid-Afrikaanse situasie. Hierdie situasie eis of vra egter meer as dit. Dit vra 'n eietydse anti-apartheidsbelydenis:

> … I indeed believe that black Christians should formulate a Reformed Confession for our time and our situation in our own words.[27]

Boesak se invloed spreek ook duidelik uit die ABRECSA-"*charter*". Hierin gebruik die konferensie die sedertdien bekendgeworde frases wat bykans twee jaar later by Ottawa geyk raak. Volgens die lede van die byeenkoms glo hulle "*unequivocally*" dat apartheid sonde is en dat die morele en teologiese regverdiging daarvan 'n verdraaiing (bespotting) van die Evangelie, verraad teenoor die gereformeerde tradisie en kettery is. Die WBGK word by die naam genoem en opgeroep tot daadwerklike aksie teen apartheid én die NGK in sy regverdiging daarvan. Die NGK is immers lid van die WBGK. Volgens ABRECSA het die situasie sedert die laaste Algemene Vergadering van die WBGK in 1970 drasties verander. Blote verklarings teen apartheid en rassisme is nie meer genoeg nie. Daarom moet die WBGK ook kontak

24 Du Toit (2002:144). Die NG Broederkring ontstaan in 1975 as 'n para-kerklike kant van die Swart Bewussynsbeweging in Suid-Afrika en probeer na die verbanning van die Christelike Instituut in 1977 om laasgenoemde se werk voort te sit.

25 Boesak (1983:8).

26 Strauss (2002a:209).

27 Smit (1984:20).

maak met en sy lidkerke aanmoedig om deel te neem aan die WRK se Program ter Bestryding van Rassisme.[28]

Deel van dié program van die WRK is die Spesiale Fonds waardeur kerke "simboliese" bedrae van steun aan sogenaamde bevrydingsbewegings soos die ANC, PAC, Swapo, ZANU en ZAPU kan oorbetaal. Volgens die WRK was dié instansies op hierdie stadium die ware of outentieke verteenwoordigers van die sogenaamde onderdruktes in Suider Afrika en die eintlike agente vir sinvolle verandering op hierdie subkontinent.[29]

## 2.2 Kerklikes buite die WBGK deel van aanloop tot Ottawa

In die sewentigerjare van die vorige eeu kom daar van buite die Suid-Afrikaanse lede van die WBGK ook beduidende impulse vir 'n kerklike belydenisbeweging teen apartheid. Na 'n besoek aan Suid-Afrika in 1973 skryf Eberhard Bethge dat hy die gedagte aan 'n *status confessionis* in "almost every discussion I had" in die land aangetref het.[30] Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) se *A message to the people of South Africa* van 1968 wat 'n skerp anti-apartheidsdokument is,[31] word deur sommige beskou as 'n goeie grondslag vir 'n belydeniskerk.

In 1977 oorreed die Suid-Afrikaner Manas Buthelezi die Lutherse Wêreldbond wat in Dar es Salaam vergader, om te verklaar dat die situasie in Suider Afrika waarvan apartheid deel uitmaak, 'n *status confessionis* daarstel.[32] Drie jaar later, op 14 Februarie 1980, verklaar 'n konsultasie oor rassisme van die SARK by Hammanskraal dat wit Christene se onwilligheid om hulle van rassisme te bekeer, swart Christene eventueel met geen ander keuse laat nie as om 'n belydende kerk te word.[33]

Twee ander verskynsels wat die belydenisbeweging teen apartheid ook sou bevoordeel, voltooi die aanloop tot Ottawa in 1982.

28 Verbatim by De Gruchy & Villa-Vicencio (1983:161-168).

29 Strauss (2002a:187).

30 Vgl. Smit (1984:18); De Gruchy (1983:76-77).

31 Verbatim by Hofmeyr, Millard & Froneman (1991:242vv.).

32 Verbatim by De Gruchy & Villa-Vicencio (1983:160-161).

33 Smit (1984:19-20).

Die eerste was die groeiende sigbare verset in die NGK self teen sy steun aan apartheid. So verklaar die bekende hoogleraar in Missiologie, David Bosch, aan die begin 1982 dat die Afrikaanse gereformeerde kerke se steun aan apartheid kettery is "which strikes at the very foundation of the church".[34] Daarmee verleen hy geleerde stukrag aan die groeiende klag van kettery teen ondermeer die NGK.

'n Tweede saak wat hierdie aanloop tot Ottawa voltooi is die verklaring van die Sentrale Komitee van die WRK in Augustus 1980. Hierin sê die komitee dat die dogma en praktyk van apartheid 'n verdraaiing van die Evangelie is.[35] Dié verklaring sou die intense, gefokusde anti-apartheidsatmosfeer waarin die debat by Ottawa moes plaasvind, verhoog.

Beide ABRECSA en die NG Broederkring het dokumente vir Ottawa voorberei en vooraf aan lidkerke versprei. Die spanning was inderdaad aan die opbou. Uit die aanloop tot Ottawa was dit glashelder dat die afgevaardigdes van die NGK en die NHKA op hierdie byeenkoms in die spervuur sou kom.

### 2.3 Ottawa 1982: 'n *status confessionis* afgekondig

In kerklike terme was die gebeure rondom apartheid en die NGK en die NHKA vanaf 17-27 Augustus 1982 by Ottawa dramaties en beslissend. Dit sou lei tot van die mees radikale vorme van sensuur wat daar in 'n ekumeniese liggaam teen lidkerke toegepas kan word: die skorsing van beide die NGK en die NHKA en die verklaring dat die WBGK in sy verwerping van beide se kerklike steun aan apartheid 'n *status confessionis* afkondig. Vir die WBGK sou laasgenoemde inhou dat jy nie met hom oor apartheid kan verskil sonder om die integriteit van "our common confession of Reformed Churches" in gedrang te bring nie.[36]

Die drama begin al by die aanvang van die vergadering met die viering van die nagmaal. Kort voor die diens lê elf verteenwoordigers van die jonger NG Kerke 'n verklaring af waarin hulle aandui dat

34 Bosch (1983:36).

35 Adonis (1982:191).

36 Verbatimverklaring in NGK (1982:1020-1024).

hulle onttrek van die diens. Hulle doen dit omdat anderskleuriges nie in Suid-Afrika by die nagmaal in die wit gemeentes van die NGK en die NHKA mag aansit nie. Volgens hulle kan hierdie kerke se teologiese kettery wat "apartheid racism" onderbou, na apartheid by die nagmaalstafel teruggevoer word.[37] Hierdie gebeure word deur die afgevaardigdes van die NGK beleef as 'n pynlike ervaring,[38] maar stempel en oorheers — onder die tema "apartheid" — die res van die byeenkoms.[39]

By die aanwysing van 'n nuwe president vir die WBGK stel die Nominasiekomitee voor dat dit 'n bekwame persoon uit die Derde Wêreld moet wees wat genoeg ervaring het van die WBGK met sy 149 kerke wêreldwyd. Terselfdertyd moet hierdie keuse 'n harde en geloofwaardige "nee" teen apartheid laat hoor. Boesak word deur die Nominasiekomitee as genomineerde voorgestel en deur die vergadering verkies.[40]

'n Hele aantal frases uit 'n toespraak van Boesak voor hierdie een en twintigste Algemene Vergadering van die WBGK vind later hulle weg na die verklaring oor rassisme en Suid-Afrika wat die WBGK op 25 Augustus 1982 uitreik. In sy rede[41] noem Boesak apartheid andermaal 'n bose "pseudo-religious ideology" en 'n "pseudo-gospel" wat gebore is en steeds geregverdig word in die wit gereformeerde kerke. Hierdie kerklike bakermat van apartheid plaas die geloofwaardigheid van die Evangelie op die spel. Die ABRECSA-*charter* kom ook deur in Boesak se stellings dat rassisme sonde en 'n vorm van afgodery is en dat kerke se morele en teologiese regverdiging daarvan lei tot 'n onthumanisering of degradering van mense. Die WBGK moet die

37 Verklaring volledig in NGK (1982:1008).

38 NGK (1982:1010).

39 In sy verduidelikende brief oor wat die WBGK oor apartheid en die lidmaatskap van die NGK besluit het, skryf die algemene sekretaris van die Wêreldbond, Edmond Perret, op 15 September 1982 aan die NGK dat apartheid as tema by nie minder nie as drie van die besprekingsgroepe van die Algemene Vergadering geopper is, sodat die organiserende komitee besluit het om dit aan 'n ad hoc-kommissie op te dra om 'n konsepverklaring vir voorlegging aan die volle vergadering voor te berei (volledige brief in NGK 1982:1018-1020).

40 Volledige verslag van Nominasiekomitee in NGK (1982:1013-1017).

41 Volledige toespraak as Boesak (1983:1-9).

besluit van die NGSK van 1978 bevestig dat apartheid onversoenbaar is met die Evangelie, maar ook verder gaan en dit tot kettery verklaar. Apartheid is nie net 'n politieke ideologie nie. Dit is afhanklik van die morele en teologiese regverdiging daarvan deur lidkerke van die Wêreldbond. Hierdie toedrag van sake dwing die WBGK syns insiens om op Suid-Afrika en apartheid te fokus.

Wat Boesak betref, moet die NGK spesiale aanspreeklikheid vir die bestaan van apartheid aanvaar. En omdat die NGK nie meer lid van die WRK is nie, is die Wêreldbond hier in 1982 die enigste ware ("true") ekumeniese liggaam wat profeties teenoor die NGK kan getuig. Hy het dus kennelik nie 'n hoë dunk of enige verwagting van die GES in hierdie verband nie. 'n Verskynsel wat waarskynlik aantoon dat hy hom geestelik meer tuisvoel in die WBGK as in die GES. Immers, beide liggame het tot 1982 nog nie verder gekom as verklarings teen apartheid nie, sodat hulle "rekord" hierin min of meer dieselfde is.

Volgens Boesak móét die teologiese en morele regverdiging van apartheid deur sekere gereformeerde kerke eenvoudig 'n *status confessionis* daarstel:

> This means that Churches should recognize that apartheid is a heresy, contrary to the Gospel and inconsistent with the Reformed tradition, and consequently reject it as such.

Na 'n ope "hearing" oor apartheid op die middag van 19 Augustus en 'n indringende debat deur die hele vergadering op 25 Augustus, word die voorgestelde verklaring van 'n ad hoc-kommissie oor rassisme en Suid-Afrika na enkele wysigings met 220 teen 20 stemme aanvaar. Twaalf persone besluit om buite stemming te bly.[42]

Die uitkoms van die verklaring is in alle opsigte 'n triomf vir Boesak, ABRECSA, die NG Broederkring en daarmee die belydenisbeweging teen apartheid. Volgens die WBGK is rassisme afgodery en apartheid as 'n uitvloeisel daarvan 'n "pseudo-religious ideology" en 'n politieke beleid wat tot 'n groot mate steun op die morele en teologiese regverdiging daarvan deur die wit Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Saam met die skeiding — op basis van

42 Perret in NGK (1982:1018).

ras en kleur — wat in hierdie kerke tot op die tafel van die Here deursny, plaas dit die Wêreldbond voor 'n besondere uitdaging. Die WBGK skaar hom hierin by ABRECSA (die verklaring praat van "black Reformed Christians of South Africa") en verklaar saam met hulle dat apartheid (of "afsonderlike ontwikkeling" soos die NGK daarvan praat, P.J.S.) sonde is en dat die morele en teologiese regverdiging daarvan 'n verdraaiing van die Evangelie is. Wat meer is, in sy volhardende ongehoorsaamheid aan die Woord van God is dit kettery. Dit gaan uit van die onversoenbaarheid van mense en is 'n hindernis vir die versoenende en verenigende werk van Christus. Daarom verklaar die Algemene Vergadering:

> … that this situation constitutes a *status confessionis* for our Churches, which means that we regard this as an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed Churches.

As 'n verdere stap kondig die vergadering in die verklaring aan dat hy die lidmaatskap van beide die NGK en die NHKA opskort. Hy doen dit egter "*reluctantly and painfully*". Hierdie kerke kan slegs weer volledige lidregte opneem as swartmense nie langer uit eredienste en veral die nagmaal geweer word nie; as hulle deur woord en daad hulp verskaf aan die slagoffers van apartheid én as hulle sinodes apartheid in kerk en staat veroordeel en die kerke aanmoedig om dit af te takel.[43]

## 2.4 Ottawa 1982: voorlopige balans

Die WBGK was dus bereid om Boesak en kie in feitlik alle opsigte te volg. Die enigste versoek waaraan nie gehoor gegee is nie — dit kom ook net in die ABRECSA-*charter* voor — was om in te skakel by die Program ter Bestryding van Rassisme van die WRK. Dit laat die WBGK met weinig van 'n selfstandige opstelling teenoor die Boesakgroep en hulle geassosieerdes. Hierdie waarneming, saam met faktore soos die ekstreme terme en begrippe waarmee enige vorm van afsonderlike ontwikkeling of apartheid in Suid-Afrika verdoem word, Boesak se georkestreerde, eenparige aanwysing as president ('n vorm van "regstellende aksie" wat sedertdien nog nie weer nagevolg

43 Volledige verklaring in NGK (1982:1020-1024).

is nie) en die vaag omskrewe, byna terloopse erkenning van 'n eie aandadigheid aan rassisme, plaas 'n vraagteken agter die emosionele ewewigtigheid van die byeenkoms. Dit alles teken eerder die beeld van 'n onvoorwaardelike restitusie wat spruit uit lastige skuldgevoelens en wat in die NGK en die NHKA, op hierdie oomblik twee uitgelewerde en gebrandmerkte oortreders, handige sondebokke vind.

Vir die suspendering van die lidmaatskap van hierdie twee kerke word daar nie in die grondwet van die WBGK voorsiening gemaak nie. In die honderd nege en twintig jaar van sy bestaan (1875-2004) is daar ook geen presedent hiervoor nie. Hierdie potensiële verleentheid vir die WBGK is egter gesystap deur die reëling van die voorsitter — met instemming van die vergadering — dat dit binne die "inherente" bevoegdheid van die Algemene Vergadering lê om so iets te kan doen. Wat die NGK en die NHKA betref, was hulle nou vir alle praktiese doeleindes geskors uit die Wêreldbond en uitgelewer aan die oordeel van die Uitvoerende Komitee waarby Boesak sou voorgaan.[44]

Was apartheid — in WBGK-terme — die enigste saak wat die gedeelde gereformeerde belydenis van die WBGK-lidkerke in die hele duur van sy bestaan so in gedrang gebring het ("seriously jeopardizing") dat dit 'n *status confesssionis* en die opskorting van die lidmaatskap van hierdie twee kerke geregverdig het? Was die dwalinge in hierdie teoretiese en praktiese samelewingsbestel "more serious" in terme van die gereformeerde geloofstradisie as enige geloofsdwaling — dit waarom dit eintlik in die kerk moet gaan — in die geskiedenis van die WBGK? 'n Ter sake voorbeeld is die probleme oor Skrifgesag en die algehele versoening in Jesus Christus wat by die Gereformeerde Kerke in Nederland en veel wyer, in dieselfde tyd voorgekom het. 'n Saak waarmee die GES geworstel het.[45] Of het die WBGK in 1982 finaal afgesien van optrede teen geloofsdwalinge met etiese implikasies ten gunste van etiese dwalinge met geloofsimplikasies?

Op 'n beoordeling van die meriete van die afkondiging van 'n *status confessionis* teen die teologiese en morele regverdiging van apartheid word teruggekom nadat die GES se hantering van die saak aan die bod was.

44 NGK (1982:1013).

45 Vgl. GES (1980:320-344vv.).

Boesak en kie het in die WBGK dus — voorlopig — nie net 'n bondgenoot nie, maar 'n sielsgenoot bygekry: ten minste wat sy afkeur van apartheid op die vlak van 'n *status confessionis* betref. Oor 'n nuwe belydenis — een van Boesak se mikpunte vir 'n kerklike belydenisbeweging teen apartheid — moes daar nog uitsluitsel kom.

Wat was die reaksie van sy Suid-Afrikaanse lidkerke op die houding van die WBGK?

## 2.5 Reaksie van lidkerke in Suid-Afrika

Wat die NGSK betref, sou dit nie moeilik gaan om hierdie besluite van die WBGK te aanvaar nie. Die Sinode van 1978 het immers met sy standpunt dat apartheid nie met die Evangelie versoenbaar is nie, reeds 'n teologiese lyn gelê wat aansluiting by Ottawa sou vergemaklik.[46] Daarby neem die Sinode van 1982 sy besluite oor die saak op 1 Oktober 1982, nie lank na die Wêreldbond in Ottawa nie, sodat die gloed van laasgenoemde via die media en sy eie afvaardiging maklik kon oorspoel na die NGSK. Boonop word Boesak assessor van die Sinode van 1982 wat 'n aanduiding is van die aansien wat hy in hierdie kringe geniet. Dit het die kans verbeter dat sy standpunte, wat op sleutelpunte in die verklaring van die WBGK deurkom, ook hier aanvaar sou word.

Volgens die NGSK bedreig die "sekulêre evangelie van Apartheid" die belydenis van die versoening en die eenheid van die kerk in Christus in sy "wese". Daarom stel dit vir die NGSK 'n *status confessionis* daar. Die res van sy besluit is 'n blote nasê van Ottawa. Vir die NGSK beteken hierdie *status confessionis* dat dit onmoontlik is om met hom hieroor te verskil sonder om die integriteit "van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstiglik in gevaar te stel". Die NGSK verklaar ook dat apartheid 'n sonde is, dat die morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die Evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan Gods Woord kettery is.

Op inisiatief van Gustav Bam besluit die Sinode ook om 'n ad hoc-kommssie te benoem om 'n konsepbelydenis te formuleer wat nog op dieselfde vergadering moet dien. Hierdie konsep word even-

46 Durand (1984b:125).

tueel met geringe wysigings by die volgende Sinode, in 1986, formeel as die Belydenis van Belhar aanvaar.[47] Daarmee bereik die belydenisbeweging teen apartheid onteenseglik sy kerklike hoogtepunt.[48]

Bam se motivering vir die *status confessionis* en konsepbelydenis speel 'n belangrike rol op die Sinode van 1982 en word verbatim in die notule opgeneem.[49] Vir hom skep die apartheidreëlings van staat en kerk so 'n skerp "geloofsbotsing" met en 'n bedreiging vir sy verstaan van die Evangelie dat dit hom dwing tot belydenis en 'n afwys van die valse leer. Tereg is Bam daarvan oortuig dat 'n *status confessionis* nie deur die omvang van armoede of die pyn van verdrukking nie, maar deur 'n bedreiging vir die geloof daargestel moet word. Daarby moet die woord wat hier gespreek word, ook die status van 'n belydenis hê. Dit is veel meer as 'n blote beleidsverklaring of 'n administratiewe reëling. Sy motivering word 'n belangrike beweegrede in die NGSK se afkondiging van 'n *status confessionis* en sy oorgaan tot die aanvaarding van 'n konsepbelydenis.

In skerpe kontras hiermee staan die reaksies van die NGK en die NHKA. Wat die NGK betref, neem die Algemene Sinode van 1982 "met leedwese" kennis van die WBGK se hantering van sy lidmaatskap en die kwessie van apartheid. Die Sinode voel dat 'n eensydige beeld van die NGK aan die WBGK voorgehou is; dat die "oordeel" van die Algemene Vergadering oor die NGK skokkend was; dat hy die stel van voorwaardes vir die NGK se terugkeer na die bond betreur; en dat die bevrydingsteologie wat in "wesentlike opsigte" strydig is met die Bybel en die gereformeerde teologie, in die formuleringe van die WBGK waarneembaar is.[50] Op sy beurt wys die kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA op 17 September 1982 die besluit van die WBGK af. Volgens hulle verpolitiseer en versosialiseer laasgenoemde die persoon en werk van

47 Uit die verslag "Die NG Sendingkerk en apartheid" wat aan die NGK se Algemene Sinode van 1982 deurgestuur word (Vgl. NGK 1982:1069-1087).

48 Durand (1984b:126) noem die aanvaarding van die Belydenis van Belhar die "toppunt van die konfrontasie in die NGK-familie".

49 Verbatim in NGK (1982:1072-1073).

50 NGK (1982:1369vv.).

Christus. Die NHKA sal nie aan die vereistes soos aan hom en die NGK gestel voldoen nie en onttrek hom aan die Wêreldbond.[51]

Beide kerke versuim om op die meriete van die *status confessionis* van Ottawa in te gaan. Inteendeel, hulle verwys nie eers daarna nie. Die NGK gee ook geen konkrete voorbeelde of argumente om sy jammerklagte teen die WBGK te substansieer nie, terwyl die NHKA volstaan met teologiese aantygings wat nie met voorbeelde uit die dokumente van die WBGK self geïllustreer word nie. Waar die NHKA nog probeer om 'n lansie vir apartheid te breek, laat die NGK dit heeltemaal daar. Albei tree byna soos 'n beleërde stad op wat nie meer veel opsies en of veg oorhet nie, maar ook nie wil besgee nie. Die WBGK word nie op die kern van sy oordeel aangevat nie.

## 2.6 Die NGK terug by die WBGK in 1998

Die suspendering van die lidmaatskap van die NGK sou eers in 1998 opgehef word. In die sestien jaar wat hierdie kerk "buite" moes staan, het daar egter groot verskuiwings in Suid-Afrika plaasgevind. Die eerste algemene demokratiese verkiesing is in 1994 gehou.

Intussen sou die NGK deur die dokumente *Kerk en Samelewing* 1986 en 1990 ook sover kom om hom teen 'n gedefinieerde apartheid uit te spreek. Apartheid wat die regmatige erkenning van die volkereverskeidenheid omvorm het tot 'n politieke ideologie; wat begin funksioneer het as 'n onderdrukkende stelsel wat deur "gedwonge skeiding" een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel; en wat daarom as sondig, in stryd met die Bybel en 'n "ernstige dwaling" afgewys moes word.[52] Dit was egter nie genoeg vir die Uitvoerende Komitee van die WBGK nie.

Vir jare sou die WBGK hom in sy verhouding met die NGK deur leidsliede in veral die NGSK (waarvan die grootste deel in 1994 met 'n beduidende deel van die NG Kerk in Afrika — die NGKA — in die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suidelike Afrika — die VGKSA — opgaan) en die NGKA laat lei: alles op die Boesaklyn uit 1982. Telkemale is die vereistes waaraan die NGK moet voldoen,

51 Volledige verklaring in Hofmeyr, Millard & Froneman (1991:338-340).

52 NGK (1990:39-40).

verander. In 1993 deel die Uitvoerende Komitee van die WBGK die NGK byvoorbeeld mee dat sy rehabilitasie nou ook die aanvaarding van die *status confessionis* van 1982 moet insluit én moet saamval met die eenwording van die NGK-familie.[53] 'n Eenwordingsproses waartoe die NGK hom telkens — onder andere in 1990[54] — verbind het, maar wat na 1994 gekenmerk word deur ernstige struwelinge tussen veral die VGKSA en 'n groot oorgeblewe deel van die NGKA.[55]

Teen die wil van die VGKSA in, kom daar in 1997 'n kentering by die Wêreldbond. Die Algemene Vergadering besluit dat die NGK kan terugkom as dit 'n mosie van hierdie vergadering oor die hele saak aanvaar. Na 'n verduidelikende brief en toeligting deur die algemene sekretaris van die WBGK, Milan Opocensky, tydens die Algemene Sinode van 1998, aanvaar die NGK die mosie. Die apartheid wat hierdie mosie verwerp, word nou gedefinieer. Dit gaan oor die "forced separation" van mense van verskillende rasse wat as sodanig die fundamentele Bybelse waarheid ontken dat alle mense gelyk geskape is as die beeld van God. Die regverdiging hiervan stel 'n *status confessionis* daar, wat egter nie beteken dat die NGK die Belydenis van Belhar móét aanvaar nie. Elke *status confessionis* hoef nie noodwendig tot belydenisvormig te lei nie. Binne hierdie raamwerk weerspreek apartheid die Evangelie en is dit kettery en sondig: "not simply in its effects and operations, but also in its fundamental nature."[56]

Die WBGK het 'n korreksie op sy ekstreme optrede van 1982 aangebring, terwyl die NGK nou 'n *status confessionis* teenoor 'n gedefinieerde apartheid aanvaar het. Daarmee is die boeke van die verhaal van Ottawa 1982 en 'n *status confessionis* teenoor die morele en teologiese regverdiging van apartheid afgesluit: ses jaar nadat die GER dit in 1992 in Athene gedoen het.

53 NGK (1994:32, 597).

54 NGK (1990:33-34).

55 Vgl. Strauss (1999:32vv.).

56 NGK (1998:412vv.).

# 3. CHICAGO 1984: DIE GES BESLUIT OOK OP 'N *STATUS CONFESSIONIS*

## 3.1 Die GES meer as dertig jaar besig met apartheid

Die GES het reeds in 1953 met apartheid op sy tafel te doen gekry. Dit sou egter nog vyftien jaar duur voordat hierdie liggaam — sy dit ook net by implikasie — ernstige kritiek op apartheid lewer. In ooreenstemming met gebruike in van sy lidkerke, het die GES deurgaans van vooraf studierapporte gebruik gemaak wat die besluitneming op die sinode moes fasiliteer.[57] Dit het 'n groter akademiese inslag geskep en die emosionele effek wat sekere skuiwe op die sinodevloer kon hê, verminder. Hiernaas het die GES deur middel van besoeke aan Suid-Afrika deur die persone verantwoordelik vir die rapporte probeer om eerstehandse kennis van beide die situasie en die oortuigings van sy lidkerke in Suid-Afrika op te doen. Verteenwoordigers van hierdie kerke is ook deurgaans op sy kommissies wat na rassekwessies moes kyk, betrek.[58]

Vanaf 1953 sou elke vergadering van die GES na rasseverhoudinge en apartheid kyk. In 1958 was daar prinsipiële eenstemmigheid onder afgevaardigdes dat die eenheid van die menslike geslag minstens net so belangrik is as die verskeidenheid en dat 'n verbod op rasgemengde huwelike ander beweegredes mag hê, maar 'n Bybelse begronding mis.[59] In 1963 neem die GES besluite wat die deur ooplaat vir afsonderlike kerke wat op een of ander wyse organisatories saamkom én vir gebiedskeiding tussen volkere waarin elkeen sy regte kry en sy identiteit behou.[60]

Vyf jaar later, in 1968, is die GES die getuie van 'n epiese kragmeting binne en buite die vergadering tussen Koot Vorster en Joh Verkuyl. Eersgenoemde vorm die spits van die NGK se verweer en laasgenoemde lei die aanval van die anti-apartheidsgesindes in die GKN wat sopas van die WRK se vierde Algemene Vergadering in Uppsala

57 Vgl. GES (1958:147vv.); GES (1963:164-176).
58 GES (1963:234). Vgl. GES 1976:43vv.).
59 GES (1958:147vv.).
60 Opsomming in Strauss (1983:146-147).

af kom. Dit is hierdie vergadering wat op die WRK se Program ter Bestryding van Rassisme besluit het. Die uitkoms van die sesde GES is dat apartheid as wetlike rassediskriminasie veroordeel word sonder om dit by die naam te noem.[61]

Die GES van 1972 spreek hom uit teen die uitsluiting van persone by eredienste en nagmaalsgeleenthede bloot op grond van ras of kleur. Dit keur ook 'n verbod op rasgemengde huwelike deur kerk of staat af.[62] In 1976 vergader die GES in Kaapstad te midde van landswye onrus oor apartheid in Suid-Afrika. Omdat die Sinode homself onbevoeg ag om oor die oorsake van die onrus 'n uitspraak te lewer, betuig hy bloot simpatie met hulle wat ly en doen hy 'n beroep op almal in Suid-Afrika om hulle van die stigting van onrus en geweld te weerhou.[63] Vier jaar later spreek die GES van Nimes bloot sy kommer oor die situasie in Suid-Afrika uit.[64]

Die optrede van die GES sover dit apartheid aanbetref, word dus tot 1980 gekenmerk deur kritiese geluide, maar ook 'n sekere beheersdheid waarin hy hom nie sommer uitlaat oor die praktiese situasie in Suid-Afrika nie. Aan die een kant kan dit toegeskryf word aan die behoefte by die GES om te wil weet waarvan hy praat, as hy praat. Aan die ander kant is daar 'n duidelike versigtigheid om op sleeptou geneem te word deur radikale elemente teen apartheid in die jonger NG Kerke.[65] Boonop wou die GES feitlik deurgaans as kerklike liggaam en nie as drukgroep nie, opereer.

Ottawa 1982 sou die GES egter verplig om skerper na die saak te kyk. Op aandrang van die NGSK en die GKN beland die besluite van Ottawa ook op die tafel van die tiende GES wat van 31 Julie tot 10 Augustus 1984 in Chicago vergader. Hierbenewens kom daar 'n versoek van die Orthodox Presbyterian Church dat apartheid as on-

61 Vir 'n gedetaillleerde konteks en relaas van hierdie spanningsvolle GES, kyk Strauss (1983:168-254).

62 GES (1972:329-330).

63 GES (1976:34-35).

64 GES (1980:83-84).

65 Vgl. byvoorbeeld die GES (1976:75) waar die Sinode 'n voorstel van Sam Buti oor die — syns insiens — oorsake van die onrus van 1976 in Suid-Afrika nie aanvaar nie.

bybels en immoreel verdoem word en dat kettery as benaming vir die ideologie van apartheid ondersoek word. Daarby wil die Christian Reformed Church die teologiese regverdiging van apartheid bespreek, terwyl die verslag van 'n raadplegende kommissie van die GES wat in 1980 in Suid-Afrika was, ook moet dien.[66]

### 3.2 Chicago 1984 besluit op 'n *status confessionis*

Die debat by Chicago 1984 sou 'n hele dag duur — tot na middernag.[67] Uiteindelik weerspieël die uitkoms hiervan — in vergelyking met die van die WBGK — groter balans, meer genuanseerde onderskeidings en duidelike blyke van selfstandige besluite.

Lidkerke word versoek om hulle binne en buite die kerk te keer teen enige uitsluiting van iemand op grond van ras of kleur. Die Suid-Afrikaanse lidkerke moet enige steun vir of 'n gebrek aan opposisie teen staatkundige apartheid heroorweeg in die lig van die Bybelse beginsels van geregtigheid en liefde. Die NGK en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) moet teen die einde van 1986 aan die Interimkomitee rapporteer oor hulle eie pogings in dié verband sodat die GES van 1988 hulle hierin kan evalueer.

Indiwiduele lidmaatskap van die Afrikaner-Broederbond wat daarvan verdink word dat hy 'n volkse, pro-apartheidsorganisasie met 'n onderhuidse houvas op die NGK is, sowel as van die Belydende Kring word afgewys. Van laasgenoemde word gesê dat dit die polarisasie en wantroue tussen die "broers" en die spanning in die swart kerke verhoog en dat hulle houding van konfrontasie geweld aanwakker en versoening strem.

Volgens die GES het die kerk te make met 'n ideologie wanneer ras, kleur of nasionaliteit die volle deelname al dan nie van mense aan die kerklike of burgerlike lewe bepaal. So word ras of etnisiteit die norm vir menswaardigheid. Wanneer so 'n ideologie vanuit die kerk ontmasker word terwyl 'n kerk of kerke steeds voortgaan om dit te ondersteun, ontstaan daar 'n *status confessionis*. Dit beteken dat 'n kerk wat so 'n ideologie verdedig, die Christelike belydenis in ge-

66 GES (1984:79).

67 NGK (1986:73).

drang bring en ketters optree; dit wil sê in botsing kom met die leer van die die Bybel. Daarom versoek die GES sy Suid-Afrikaanse lidkerke om vas te stel of hierdie verstaan van 'n *status confessionis* op hulle van toepassing is en dit ook in 1986 aan die Interimkomitee te rapporteer.[68]

Anders as die WBGK wil die GES eerder oorreed en behou as veroordeel en verban. Die NGK en die GKSA word nie summier geskors nie, maar versoek om hulle standpunte en optrede te evalueer in die lig van hierdie besluite. Kettery of dwaalleer word omskryf en 'n sagter inhoud daaraan gegee. In plaas daarvan om — soos die WBGK — terme soos "afgodery" en "die verdraaiing van die Evangelie" aan die teologiese en kerklike ondersteuning van apartheid te koppel, word hier nugter en eenvoudig gepraat van 'n leer wat bots met die Bybel. Gereformeerd kerklike ewewig en selfstandigheid — teenoor die NGK, GKSA, Broederbond én die Belydende Kring — het die oorhand oor eensydigheid en ekstremisme.

Anders as Ottawa 1982 word Chicago 1984 ook nie oorheers deur die apartheidskwessie nie. Verskille met die GKN oor Skrifgesag, homofilie en lidmaatskap van die WRK lei volgens die afgevaardigdes van die NGK byvoorbeeld tot 'n "uitgerekte" debat.[69]

Die NGK se "rehabilitasie" by die GES sou gouer en heelwat eenvoudiger verloop as by die WBGK. In 1988 besluit die — toe — GER om die evaluering van die NGK aan 'n konferensie van die hele NGK-familie oor te laat.[70] Hierdie konferensie vind in Maart 1989 plaas. Na heelwat misverstand blyk dit dat die afvaardiging van die NGK steeds 'n gekwalifiseerde apartheid, naamlik apartheid as ideologie — op die lyn van Chicago 1984 — afwys. Vir Boesak en kie wat 'n belangrike rol by hierdie konferensie speel, is dit egter onaanvaarbaar. In 1990 onttrek die NGSK uit die GER omdat hy nie sterk genoeg na die sin van die Sendingkerk teen die NGK optree nie.[71] 'n Aksie wat in sy kiem na Boesak in 1982 teruggevoer kan word.

68 GES (1984:90vv.).

69 NGK (1986:75).

70 REC (1988:107).

71 REC (1992:14).

Die NGK se *Kerk en Samelewing 1990* — daar is reeds daarop gewys — kom op belangrike punte ooreen met Chicago 1984. Dit maak onteenseglik die pad oop vir die NGK om weer in goeie guns by die GER te kom. Hoewel die GER in 1992 in Athene apartheid in al sy vorme tot sonde verklaar, vereenselwig die afgevaardigdes van die NGK hulle daarmee.[72] Daarmee sluit die GER op sy beurt en op sy manier hierdie hoofstuk in sy geskiedenis af.

Die vraag wat vir die doeleindes van hierdie stuk oorbly, is die vraag of die WBGK en die GES met hulle spesifieke inkleding van 'n *status confessionis* oortuig het. Hoe moet beide op hierdie punt vanuit 'n gereformeerde hoek beoordeel word?

## 4. 'N *STATUS CONFESSIONIS* TEEN DIE TEOLOGIESE EN MORELE REGVERDIGING VAN APARTHEID?

Die eerste vraag wat hier beantwoord moet word, is die vraag na watter dogmatiese[73] of moreel-etiese oortuigings vanuit 'n Christelike geloofs- en kerklike perspektief op die vlak van 'n belydenis lê. Verder, by die bestryding van watter houdings en standpunte kom 'n *status confessionis* ter sprake en, daaruit moontlik voortvloeiend, die formulering van 'n nuwe geloofsbelydenis?

Dit spreek haas van self dat nie alle kerklik-etiese of geloofsoortuigings oortuigings van 'n belydenisaard — dit is op die vlak van 'n belydenisskrif — kan wees nie. Dan sou bykans alle kerklike oortuigings in belydenisse vervat moes gewees het. 'n Goeie omskrywing van die aard van 'n belydenisskrif en daarom die aard van die oortuigings wat deur 'n *status confessionis* bestry word — anders kan hierdie begrip verwater en sy trefkrag vir die kerk verloor — is die van die bekende dogmatikus Jaap Durand, 'n deurwinterde ondersteuner van die belydenisbeweging teen apartheid en die Belydenis van Belhar.

72 REC (1992:18).

73 Dit bly 'n vraag of kerke in hulle normale bedrywighede teologie bedryf en of hulle van die vrugte van die teologie gebruik maak vir dogmatiese of geloofsuitsprake. Streng genome is teologie 'n wetenskap wat in die klaskamer of op akademiese terrein beoefen moet word.

Durand betoog tereg dat 'n kerklike belydenis in 'n sekere historiese situasie ontstaan. Die noodsaak daarvan spruit uit die polemiese aard van die situasie, die diepe erns wat dit kenmerk, die "ongenoegsaamheid" van bestaande belydenisse om 'n antwoord in die situasie te gee en die gespreksfinaliteit wat in die situasie bereik word. Hierin lê ook die onmiddellike aktualiteit van so 'n belydenis. 'n Belydenis van kwaliteit sal egter bo sy ontstaansituasie uitstyg en aktueel bly as die omstandighede verander het. Dit beteken dat 'n belydenisskrif moet aansluit by die kernsake van die "Godsopenbaring in Jesus Christus". 'n Belydenis mag hom nie bemoei met "beuselagtighede" nie.[74]

Belydenissake gaan oor kernsake van die Christelike geloof of, alternatiewelik, érnstige sake wat aansluit by die kern van die Christelike geloof. Nie elke oortuiging wat nié met die Evangelie strook nie, is 'n belydeniskwessie of noodsaak 'n *status confessionis* nie. Die aanvaarding van belydenisskrifte is 'n gewigtige saak. In talle gereformeerde kerke word hierdie soort geskrifte beskou as *norma normata* wat in hulle gesag en belang net aan die Skrif as *norma normans* ondergeskik is. Boonop impliseer gereformeerdes met die benaming "kernsake" dat die belydenisskrifte van gereformeerde kerke 'n ekumeniese of algemene Christelike kant het. Dit gaan om breed aanvaarde geloofsoortuigings wat aansluit by die kern van die Evangelie.

Dit laat die vraag ontstaan of hierdie verstaan van kernsake op 'n statiese kategorie van kernsake neerkom. Die antwoord hierop is ontkennend. Die verdraaiing, erns en impak van 'n randsaak — enige saak — kan daartoe lei dat kernsake van die Christelike geloof in 'n bepaalde situasie in gedrang kom. In so 'n proses kan hierdie gebeure die kernsake van die geloof kruis of daarmee vervleg raak. Smit beweer dat die buitengewone of "abnormale" aard van so 'n situasie mag meebring dat standpunte, houdings en aksies wat normaalweg adiafora sou wees, by die kern betrek word.[75] Dit verander nie aan die stelreël *in statu confessionis nihil est adiophoron* nie, maar illustreer die gereformeerde oortuiging dat alles in God se skepping met alles saamhang.

Daarom het die voorstanders van 'n *status confessionis* teen die teologiese en morele regverdiging van apartheid moeite gedoen om te

74 Durand (1984a:45).

75 Smit (1984:22).

probeer aantoon dat dit hier nie net om 'n politieke bestel gaan nie, maar om 'n manier van dink of 'n ideologie wat die erkenning van die menswaardigheid van mense, hulle plek in die gemeenskap én in die kerk van hulle afkoms of ras afhanklik stel; 'n teologies ondersteunde sisteem wat die versoening en eenheid tussen gelowiges vanuit Christus teenwerk. Die swak punt in die betoog van veral Ottawa 1982 was egter die oordeel dat alle vorme van apartheid — in kerk en staat — na 'n eenheidsisteem in teorie en praktyk teruggevoer kon word. Dit is waarom die WBGK probeer het om met sy invoeging van "afsonderlike ontwikkeling" in hakies na die woord "apartheid" allesdekkend te wees. Tot so laat as in 1998 wou die Algemene Sinode van die NGK nie daarvan hoor om apartheid ongekwalifiseerd te veroordeel nie. Want dit sou beteken dat jy aan die standpunt moes verbygaan van baie in die NGK die afgelope vyftig jaar wat in apartheid net 'n metode vir beregtiging aan almal in 'n gekompliseerde situasie gesien het: die Cottesloeberaad van 1960, *Kerk en Samelewing 1986 en 1990* met sy idee van 'n verideologiseerde apartheid wat in praktyk tot onreg en dwaling aanleiding gegee het, B.B. Keet en Ben Marais. Dit is bekend dat laasgenoemde sy weerstand beperk het tot die Bybelse begronding van apartheid.[76] Verder sou die GES van 1963 met sy afsonderlike kerke wat op een of ander wyse organisatories saamkom en met sy gebiedskeiding tussen volke waarin almal hulle regte en identeit behou, ook onder die hamer moes kom.

Hierdie onderskeid is by implikasie deur Chicago 1984 in sy aanduiding van 'n *status confessionis* teen 'n gekwalifiseerde apartheid gehandhaaf. Dit sou dit vir die NGK na die uitkoms van *Kerk en Samelewing 1986 en 1990* makliker maak om weer in goeie guns by die GER te kom. Dieselfde onderskeid verklaar ook die uiteindelike gewilligheid van die NGK in 1998 om die nuut geformuleerde voorstel van die WBGK te aanvaar.

Waar Ottawa 1982 in sy motivering van 'n *status confessionis* op die ernstige impak (die "seriously jeopardizing") van apartheid en die teologiese en morele regverdiging daarvan probeer wys het, het Chicago 1984 met sy idee van die ideologiese bepaaldheid van die Suid-

76 Vir 'n uitvoerige beredenering hiervan, kyk Strauss (1991:436vv.).

Afrikaanse samelewing en kerke se steun daaraan, dit net by implikasie gedoen. Om by die ander vereiste vir 'n *status confessionis*, naamlik die bedreiging van die kernsake van die Christelike geloof uit te kom, sou beide meer oortuigend gewees het as hulle Bam se betoog by die Sinode van die NGSK in 1982 vir hulle rekening geneem het (vgl 2.5). Nie elke ideologie of elke stuk verdraaiing van die Evangelie of elke kettery stel *per se* 'n *status confessionis* daar nie.

Oor die ernstige effek wat 'n teologies en moreel geregverdige apartheid in praktyk op die versoening en eenheid tussen gelowiges gehad het, hoef daar nie twyfel te bestaan nie. Hoe ernstig dit kruis met ondermeer die Christelike geloof aan "een heilige algemene Christelike kerk" (*Apostolicum*) om 'n *status confessionis* daar te stel, hang egter ook af van die belewenis van die gelowiges in die situasie. 'n Algemeengeldende objektiewe maatstaf hiervoor sal nie maklik gevind word nie.

## BIBLIOGRAFIE

ADONIS J C

1982. *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou*. Amsterdam: Rodopi.

BOESAK A A

1977. *Afscheid van de onschuld*. Kampen: Kok.

1983. He made us all but… In: J.W. De Gruchy & C. Villa-Vicencio, *Apartheid is a heresy* (Johannesburg: David Philip), pp. 1-9.

BOSCH D J

1983. Nothing but a heresy. In: J.W. De Gruchy & C. Villa-Vicencio, *Apartheid is a heresy* (Johannesburg: David Philip), pp. 24-38.

DE GRUCHY J W

1983. Towards a confessing church. In: J.W. De Gruchy & C. Villa-Vicencio, *Apartheid is a heresy* (Johannesburg: David Philip), pp. 75-93.

DE GRUCHY J W & VILLA-VICENCIO C

1983. *Apartheid is a heresy*. Johannesburg: David Philip.

DE JONG O
1987. *Geschiedenis der kerk*. Nijkerk: Callenbach.

DURAND J J F
1984. 'n Belydenis — was dit werklik nodig? In: G.D. Cloete & D.J. Smit, *'n Oomblik van waarheid* (Kaapstad: Tafelberg), pp. 39-48.
1984. Belhar — krisispunt vir die NG Kerke. In: G.D. Cloete & D.J. Smit, *'n Oomblik van waarheid* (Kaapstad: Tafelberg), pp. 123-134.

GES (GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE) 1958, 1963, 1972, 1976, 1980, 1984. ACTS. *S.l.:s.n.*

HOFMEYR J W, MILLARD J A & FRONEMAN C J J
1991. *History of the church of South Africa*. Pretoria: UNISA.

MEIRING P
1991. Die ekumeniese isolasie van die NG Kerk. In: E. De Villiers & D. Kitching, *Derde gelui vir môre* (Kaapstad: Tafelberg), pp. 76-86.

NGK 1962, 1966, 1982, 1986, 1994, 1998. HANDELINGE VAN DIE ALGEMENE SINODE. *S.l.:s.n.*

NGK
1990. *Kerk en Samelewing 1990*. Bloemfontein: Pro Christo.

NAUDÉ C F B
1964. *My beslissing*. Johannesburg: Christelike Instituut.

*Pro Veritate*
15 Julie 1965.

ROSSOUW P
1989. *Ecumenical Panorama. s.l.:s.n.*

REC (GEREFORMEERDE EKUMENIESE RAAD) 1988, 1992. ACTS. *S.l.:s.n.*

REC
1996. *Memories. The Reformed Ecumenical Council 1946-1996. S.l.:s.n.*

SMIT D J
1984. Wat beteken status confessionis? In: G.D. Cloete & D.J. Smit, *'n Oomblik van waarheid* (Kaapstad: Tafelberg), pp. 14-38.

STRAUSS P J
1983. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk. Pretoria: UP (ongepubliseerde DD-proefskrif).

1991. Beginsel of metode? Die NG Kerk en apartheid na Cottesloe. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXII/3:436-446.
1999. Die goedkeuring van kerkrade vir 'n nuwe verband in die NG Kerkfamilie? *Acta Theologica* 19/2:32-54.
2002a. Die NG Kerk en sy ekumeniese bande: Toenemende isolasie deurbreek. In: F. Du Toit, H. Hofmeyr, P. Strauss & J. Van der Merwe, *Moeisame pad na vernuwing* (Bloemfontein: Barnabas), pp. 181-241.
2002b. Toenemende isolasie deurbreek — die NGK en ekumene 1974-1998. In: P. Coertzen (red.), *350 Jaar gereformeerd* (Bloemfontein: Barnabas), pp. 381-393.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Belydenis van Belhar | Confession of Belhar |
| *Status confessionis* | *Status confessionis* |
| Apartheid | Apartheid |
| Wêreldbond van Gereformeerde Kerke | World Alliance of Reformed Churches |
| Gereformeerde Ekumeniese Sinode | Reformed Ecumenical Synod |